CHARL VAN ROOYEN cvanrooy@landbou.com



**LINKS:** 'n Nuwe vinnige wit mieliebaster, PAN 4A-111, tel onder die groot aantal nuwe gewaskultivars wat op Pannar se jaarlikse extravaganzas bekend gestel is. Dit het onder meer 'n goeie graangehalte. FOTO: PANNAR

**REGS:** Hierdie sonneblom, PAN 7095CL, het vir 'n deurbraak in sonneblomproduksie in Suid-Afrika gesorg. Dit het die beste gevaar in die Landbounavorsingsraad se nasionale kultivarproewe gedurende 2012/'13.



# Talle **nuwe kultivars** vir die saaiboer

'n Aantal nuwe kultivars is vir produsente van mielies, sojabone, sonneblomme, droëbone en koring bekend gestel. Dit is deur die bank geteel om hoër opbrengste en groter verdraagsaamheid teen plae moontlik te maak.

Met die teel van die talle nuwe kultivars wat pas bekend gestel is, is die modernste teeltegnieke ingespan om met nuwelinge vorendag te kom wat boere se bestuur vergemaklik en groter wins maak.

Die saadmaatskappy Pannar het sy nuwelinge op 'n reeks extravaganzas regoor die somerproduksiegebied gewys. Mnr. Peet van der Walt, advertensiebestuurder, het die inligting aan *Landbouweekblad* verskaf.

## WIT MIELIES

Nuwe basters in die vinnige pakket is PAN 4A-111, PAN 4R-511R en PAN 4B-311B. Hierdie pakket word vir die Noordoos-Vrystaat en al die oostelike produksiegebiede aanbeveel. Dit lewer uitstekende prestasie in die misstreek. Die basters het goeie staanvermoë, graangehalte en skepelmassa. Die pakket vind baat by swamdoders.

Twee ander nuwe, vinnige basters is PAN 5R-693R en PAN 5R-993BR. Albei is veelsydig, doen goed in ál die produksiestreke en is 'n goeie keuse in die droër produksiestreke. Hulle is sterk meerkoppig met 'n goeie agronomiese balans.

Die nuwe basters met 'n medium-groeilengtepakket is PAN 6Q-245, PAN 6Q-345CB, PAN 6R-665R en PAN 6R-845CBGT. Hulle is soortgelyk aan PAN 6Q-445B wat vyf jaar lank die toppresteerder in die nasionale kultivarproewe was. Hulle het goeie stabiliteit, kan in verskillende produksietoestande vergoed, droog betreklik vinnig af, het 'n goeie staanvermoë en is sterk meerkoppig. Dit word as deel van die hoofaanplanting in al die produksiestreke aanbeveel. Die basters het goeie verdraagsaamheid teen diplodiakopvrot en grysblaarvlek.

## GEEL MIELIES

PAN 4B-312CB en PAN 4B-304CB is nuwe, vinnige basters wat vir die Noordoos-Vrystaat en die matige en koel oostelike produksiestreke aanbeveel word. Die Yieldboost™-swamdoderspuitprogram word vir optimale produksie aanbeveel. Die basters spruit gewoonlik min en het 'n goeie staanvermoë. Dit word teen 'n hoër stand as vir mediumbasters aanbeveel.

Nóg nuwe vinnige basters is PAN 4R-576R en PAN 4R-776BR vir die Noordoos-Vrystaat en oostelike produksiestreke.

Daar is ook twee nuwe mediumbasters. PAN 6R-680R is verdraagsaam teen glifosaatonkruiddoder en lewer uitstekende, stabiele prestasie in al die produksiestreke. Dit is 'n goeie keuse as hoë onkruiddruk ondervind word, asook as toevlugsoord vir PAN 6R-880CBGT.

Nóg 'n nuweling is PAN 6R-880CBGT, 'n stapelgeenbaster met beskerming teen stronkboorder en verdraagsaamheid teen glifosaat. Dit is soortgelyk aan PAN 6R-680R en PAN 6Q-408CB en is goed in al die produksiestreke aangepas.

## SONNEBLOMME

Die nuwe reeks basters met die Clearfield®-geen presteer net so goed soos die konven-

**KORTOM**

- Verskeie nuwe graankultivars, met 'n beter oespotensiaal en weerstand teen siektes, sien vanjaar die lig.
- 'n Vyfpuntplan kan saaiboere op 'n pad vir groter sukses plaas.
- Danksy saadbehandeling het die gewas 'n goeie wegspring.

## Die koringprogram is daarop toegespits om die opbrengspotensiaal te verhoog en kultivars met nuwe bronne van weerstand teen Russiese koringluis en roes te teel.

sionele staatmakers om 'n totaal nuwe konsep in 'n wisselboustelsel daar te stel. Die ingeboude onkruidweerstand is 'n natuurlike mutasie en die basters is dus nie geneties gemodifiseer nie.

Die nuwelinge is:

- PAN 7031CL, 'n volseisoenbaster met die Clearfield®-geen, het dieselfde uitstekende opbrengspotensiaal as die konvensionele basters, bied 'n alternatiewe onkruidbestrydingstelsel en is 'n werkbare ekonomiese alternatief in 'n wisselboustelsel. Euro-Lightning®-onkruiddoder (reg. nr. L8436, aktiewe bestanddele imasapir en imasamoks) bied na-opkomsbestryding van 'n breëspektrum gras- en breëblaaronkruide.
- PAN 7095CL. Hierdie baster met die Clearfield®-geen is 'n deurbraak in sonneblomproduksie in Suid-Afrika en het die eerste plek in 2012/'13 se nasionale kultivarproewe behaal.
- PAN 7101CL is soortgelyk aan PAN 7095CL en het ook die Clearfield®-geen. Dit het dieselfde goeie opbrengspotensiaal as konvensionele basters en vul PAN 7095CL uitstekend aan.
- PAN 7102CLP. Dit bevat die verbeterde Clearfield®-Plus-geen met die voordeel van verbeterde onkruidbestryding en het verdraagsaamheid teen bruinroes.

### SOJABONE

Die maatskappy het die afgelope vier jaar die beste prestasies in ál die streke behaal. Nou is daar 'n paar nuwe sojaboonkultivars.

PAN 1521R is 'n nuwe kultivar met 'n mediumgroeityd wat moontlik PAN 1583R in die toekoms gaan vervang.

PAN 1623R is 'n nuwe mediumkultivar wat in proewe konstant beter as PAN 1664 presteer. Dit het 'n uitstekende staanvermoë, goeie peulhoogte en weerstand teen oopspring.

PAN 1614R is 'n mediumkultivar met 'n indrukwekkende, stabiele opbrengsprestasie in ál die produksiestreke en gaan waarskynlik PAN 1666R in die toekoms vervang.

PAN 1729R is 'n kultivar in die laat groeitydklas en is geskik vir vroeë aanplantings in die gematigde streke en vir hoofaanplantings in warm droëlandgebiede. Dit het goeie droogteverdraagsaamheid en is die eerste Pannar-kultivar wat vir die droër westelike hoëveld geteel is.

Dié geharde kultivar presteer goed waar vogstremming die opbrengspotensiaal beperk. Dit het 'n sterk, onbepaalde groeiwyse met 'n regop planttipe en kan as dubbeldoelkultivar vir graan- of voerproduksie in die hoëpotensiaalgebiede ingespan word.

### DROËBONE

Die maatskappy bemark uitstekende rooi, gespikkelde droëboonkultivars met goeie stabiliteit in 'n wye verskeidenheid omgewingstoestande wat risiko's verminder. Hy is ook op die voorpunt met die meganisasie van droëboonproduksie en dra tegnologie aan produsente oor om hul oesproses te meganiseer.

Die enigste nuwe kultivar is PAN 9216. Dit vaar goed in die nasionale statistiese proewe. Dit hou belofte in vir regstreekse stroop met 'n meganiese stroper.

Belangrike eienskappe sluit in 'n onbepaalde groeiwyse, uitstekende staanvermoë, groot sade en uitstekende verdraagsaamheid teen roes, hoekige blaarvlek en die boontjiemosaïekvirus.

### KORING

Deur die jare het die maatskappy se koringkultivars ook uitstekend in die nasionale proewe gevaar.

Die koringprogram is daarop toegespits om die opbrengspotensiaal te verhoog en kultivars met nuwe bronne van weerstand teen die Russiese koringluis en roes te teel. Dit sal sodoende die bedreiging en gepaardgaande hoër risiko wat die verskyning van nuwe rasse teweeg kan bring, die hoof bied. Tegnologie wat toegepas word, sluit in die gebruik van merkers om teikengene te volg en in plaaslik aangepaste kiemplasma saam te voeg vir selfs beter aangepaste koringkultivars met beter risikobestuur.

Hoogtepunte in die teelprogram is veral die gedugte pakket lentetipes wat uitsonderlik onder besproeiing presteer.

Twee nuwe besproeiingskultivars, PAN 3400 en PAN 3497, is beskikbaar om PAN 3471 aan te vul.

PAN 3497 het topprestasies in 2012 se kultivarproewe van die LNR se Kleingraaninstituut gelewer. Dit het 'n effens langer groeityd as 347, uitstekende opbrengspotensiaal, is geskik vir vroeë aanplanting en het 'n goeie stoelvermoë en graderingseienskappe.

PAN 3400 was in die 2012-proewe 'n toppresterende, vinnige groeier. Dit het 'n korter groeityd, uitstekende opbrengspotensiaal, en 'n puik staanvermoë. Dit is ook geskik vir later aanplantings en is uiters geskik vir medium- en later aanplantings onder besproeiing. **LBW**

---

**WAARBORG**

### VYFPUNTPLAN VIR GROTER SUKSES

'n Vyfpuntplan kan saaiboere op 'n pad van groter sukses met gewasverbouing plaas om doeltreffendheid en winsgewendheid te verhoog. Dit behels basies die integrasie van topprodukte en vernuwende gewasvoor- en -nasorg vir gewasse.

Mnr. Peet van der Walt, advertensiebestuurder van Pannar, verduidelik die vyfpuntplan:

**1. Ultramoderne navorsing en ontwikkelingstegnologie** sorg dat boere kultivars met 'n hoë opbrengs en beter siekte-, droogte- en insekverdraagsaamheid kan plant, danksy die maatskappy se wêreldklas tegnologiesentrum.

**2.** As die boer **uitsonderlike produkte en gewaspakkette** kies, is hy verseker van kultivars met uitsonderlike prestasie, stabiliteit en gebiedsaanpasbaarheid. Diversifikasie is 'n goeie strategie vir risikobestuur. Dit kan bewerkstellig word deur 'n kultivarpakket uit verskillende groeiklasse en agronomiese eienskappe saam te stel. Dit is een van die boustene waarmee boere die opbrengs op hul belegging en 'n vooruitstrewende boerdery kan verseker.

**3.** Met **saadbehandeling en -beskerming** word goeie plantbaarheid en groeikragtigheid moontlik gemaak. Sodoende word saad en saailinge vroeg in die groeityd teen insek- en saadgedraagde of grondgedraagde siektes beskerm vir 'n goeie wegspring. Die maatskappy se chemiese produkte en polimere in die vorm van sy Panacea™-saad-en-plantbeskermingsinisiatiewe vir saadbehandelingsprogram speel hierin 'n belangrike rol.

**4. Presisieplant** is net so belangrik. Die maatskappy se Panagri™-afdeling doen praktiese boerderynavorsing sodat hy riglyne aan boere kan verskaf wat verbouingspraktyke en die plantpopulasie vir elke gebied optimaliseer. Akkurate saadspasiëring, plantdiepte en saad-met-grond-kontak bevorder gelyke/eenvormige opkoms en is die grondslag vir die beste moontlike opbrengspotensiaal.

**5.** Bestuursmetodes vir gewasbeskerming is noodsaaklik en bestaan uit eersteklassaad en **kundige advies** vir 'n suksesvolle oes. Dit verg dus die integrasie van topprodukte, praktiese boerderyoplossings en vernuwende gewasnasorg wat die boerdery se winspotensiaal verbeter. Dit is deel van die maatskappy se diens.